# Woord in vers



Rympie Ingenieur

2020

# *Voorwoord*

***Woord in vers deel kosbare momente van my reis deur die Bybel***

Linkerbrein ingenieurs koester ook God se Woord. Danksy God se genade en die vrymoedigheid wat die eerste twee bundels gebring het, het die geleentheid om spesiale momente met die Woord en toepassing in die emosie van vers te deel. So was 2020 een van die mees intense jare van my bestaan. In die proses van vashou aan die Woord is die verwerkings geinspireer. Dit is weereens ’n besondere voorreg om as heelbrein mens die impak van die reis deur die Woord met die nageslag te kan deel in my moedertaal. Mag dit jou inspireer om jou eie reis deur die Woord op jou unieke wyse vas te lê en te deel. Geniet die nederige pennevrug tot God se eer.

Paul Johannes le Roux (Pr Ing)
**Rympie Ingenieur**




*Die bundel is opgedra aan:*
*Marietjie le Roux my eggenote en beste maat lewenslank.*
*Kinders en kleinkinders:*
*Willem, Claudie, NB en Amari Louw*
*Ignus, Alize, Gabriella en Liliana le Roux*
*Elke gelowige wat reis deur die Woord waardeer.*

*Spesiale vermelding:*
*Dankie aan my gebedsvriende Rudi deJager en Emile Hurter*
*Met wie ek die emosie van die skeppingsproses kon deel.*

# Sonnette

## *Woord in vers – Eie verwerkings*

1. Tye (2 Tim 3 & 4)
2. Parakaleo (2 Kor 1)
3. Ontplooiing van geloof (2 Pet 1:3-15)
4. Nederig voor God (1 Pet 5:1-7)
5. Identiteit (Ef 2:11-23)
6. Sin van die evangelie (Op 12:1-12 en Joh 3:16)
7. Ware geluk (Mat 5:3-12)
8. Aan God die eer (Rom 11:33-36)
9. Beproewing en versoeking (Jak 1:2-26)
10. Nuwe lewe in Christus (Rom 12:1-21)
11. Lewende vaste hoop (Rom 8:18-30)
12. Viraal (Ps 47 & Mat 28:18-20)
13. Terminaal (1 Kor 15:42-58)
14. Godsdiens (Kol 2:16-19)



# Tye

*Laaste dae en swaar tye is sinoniem.*
*Selfsug, materialisme en verwaande Godloosheid raak intiem.*
*Bly weg van kragtelose godsdiens met net uiterlike skyn.*
*Gebrekkige geloofwaardigheid sonder waarheid is net pyn.*

*Tye wat die gesonde leer nie meer verdra.*
*Waarheid word met verdigsels vervang sonder kla.*
*Tye wat leraars kry wat net sê wat mense wil hoor.*
*Liefdeloos, bandeloos, roekeloos, volkome vryheid verloor.*

*Timoteus tye klink baie soos ons tye.*
*Hoe kan mens dit hanteer Meneer? Hê asseblief medelye.*
*Saam met U bly ons in alle omstandighede nugter.*
*Saam met U verdra ons lyding sonder skugter.*
*Saam met U volhard ons in ons geroepe bedieningstaak.*
*Liefde vir Jesus Christus en vir alle mense is ons hartsaak.*

Hierdie sonnet deel Paulus se boodskap aan Timoteus
aan ons mense vandag.
2 Timoteus 3 en 4

Dit is nie maklik om in bediening te volhard nie.
Dit is baie keer 'n eensame pad met min bemoediging.
Dit vra om lyding sonder huiwering te verdra met die oog gevestig op Jesus.

*Paul le Roux*

# Parakaleo

*Loof God die Vader.*
*Hy ontferm, bemoedig en roep ons nader.*
*Nou kan ons ander nader roep en bemoedig*
*met dieselfde bemoediging waarmee Hy ons gemoed lig.*

*Terwille van Christus deel ons in ’n oorvloed lyding.*
*Deur Christus is daar egter ook ’n oorvloed bemoediging.*
*Daarom kan ons die lyding geduldig verduur,*
*want Hy roep en hou ons naby in Sy liefdevolle natuur.*

*Soms is die lyding so intens dat ons by die dood omdraai.*
*Dit leer ons om nie op onsself vertrou en las nie net op te laai.*
*Wanneer ons planne buite beheer makeer,*
*Dan bly daar net vertrou op U o Heer.*
*Ons hoop is dan net op U gevestig.*
*Dan bid ons vir mekaar en maak U vrede ons kalmrustig.*

Hierdie sonnet deel Paulus se boodskap aan die Korintiërs
aan ons mense vandag.
2 Kor 1

Kom nader sodat ek jou kan bemoediging. (Comfort – Parakaleo)

Paul le Roux

2020

# Ontplooiing van geloof

*Geroep deur Christus se Goddelike krag, mag en heerlikheid*
*om waarlik by Hom te lewe en Hom te dien.*
*Kosbare gawes geskenk deur die Gees vir ons diensbaarheid.*
*So deel ons aan die Goddelike natuur sonder om Hom te sien.*

*Werp alles in die stryd om geloof te verryk*
*met uitnemendheid, insig, selfbeheersing en volharding.*
*Bou verder met godsvrug en liefde vir mekaar in die Koninkryk.*
*Rond af met deel van God se liefde vir alle mense as roeping.*

*Getuig met dié geloofslewe dat God ons geroep en verkies het.*
*Nie in skynheilige eie krag nie maar omdat ons nie anders kan.*
*Dan sal ons Jesus Christus beter leer ken en op Hom let.*
*Geloof wat so ontplooi struikel nie want dit is God se plan.*
*Herinner en spoor mekaar aan in geloofgroei en gebed.*
*Staan vas in die Waarheid deur die Gees beman.*

Hierdie sonnet deel Petrus se boodskap aan die gelowiges in Klein Asië
aan ons mense vandag.
2 Pet 1:3-15

Geloof ontplooi tot liefde vir alle mense
Paul le Roux
2020

# Nederig voor God

*Ouderlinge, toegewyde kuddewagters, ervare Christus volgers.*
*Voorbeeld vir gelowiges oppad na ’n onverganklike kroon.*
*Deelgenote aan die heerlikheid wat kom, diensbare leiers.*
*Vrywilligers aan wie die kudde toevertrou is sonder loon.*

*Daarom jongelinge wees ondergeskik aan hierdie ouderlinge,*
*mentors, nederige begeleiers, ondergeskik aan God.*
*Want God weerstaan hoogmoedige handelinge*
*maar gee genade aan die nederige wat leef in Sy gebod.*

*Nederigheid voor God dring nederigheid teenoor mekaar.*
*Nederigheid voor God is geen swakheid.*
*Hy verhoog uit genade die nederiges op die regte tyd voorwaar.*
*Naby Hom deel ons in Sy verstommende heerlikheid.*
*Wat ’n voorreg om Sy sorg onvoorwaardelik te aanvaar.*
*Nederigheid voor God leef dankbaar in alle ewigheid.*

Hierdie sonnet deel Petrus se boodskap aan gelowigesin Klein Asië
aan ons mense vandag.
1 Pet 5:1-7

Le Roux familieriglyne wat van geslag tot geslag aangegee word.
PJ gee dit vir IS2 1945. IS2 gee dit vir PJ2 1975. PJ2 gee dit vir IS3 2005.
Aan God die eer.

Paul le Roux

2020

# Identiteit

*Eens sonder God, sonder hoop in sonde verlore.*
*Van geboorte heidens en uitgesluit van God se volk.*
*Geen deel aan Sy verbonde en beloftes aan die uitverkore.*
*Afgeskei deur die muur van die nie-Joodse vyandskaptolk.*

*Maar nou een nuwe mensheid, een met Christus Jesus.*
*Jood en nie-Jood verenig  tot een nuwe volk deur Sy bloed.*
*Vyandskap is afgebreek en Christus is ons vrede en ons rus.*
*Die identiteit gee ons vrye toegang tot die Vader sonder boet.*

*Ons identiteit in Christus bevestig nou deur die Gees.*
*Ons is naby God, medeburgers, erfgename, kinders van God.*
*Saam soos 'n gebou, 'n heilige tempel waarin God wil wees.*
*Skoongewas, rein, heilig, ewig toegewy aan Sy gebod.*
*Ons identiteit is nou vry van dinge wat sonder God wil fees.*
*Vry van die dinge wat ons oorlaat aan ons eie lot.*

Hierdie sonnet deel Paulus se boodskap aan die Efesiërs
aan ons mense vandag.
Efesiërs 2:11-23

Die fliek "Overcomer" het die skrif ivm ons identiteit in Christus as een nuwe mensheid opnuut oopgemaak.
Vry van diskriminasie tov ras, status, mag, geslag en ander wat ons oorlaat aan ons eie lot.
My identiteit lê in hoe God my sien en nie in hoe mense my sien nie.

Paul le Roux

2020

# Die sin van die evangelie

*Satan was in stryd met God en is uit die hemel gegooi.*
*Die kroon van God se skepping eers met ewige lewe getooi*
*is deur die slang tot die onvolmaakte met sonde verlei.*
*Die onvolmaakte is van die Volmaakte teenwoordigheid geskei.*

*Tog het God die skeppingsverhouding uit genade begin herstel.*
*Verbonde, beloftes en die wet het God se wil vertel.*
*Maar die onvolmaakte kon en kan nie in eie krag voldoen.*
*God se finale plan vra Sy Seun se bloed om sonde te versoen.*

*Hoekom die plan? God het die wêreld so lief gehad*
*Hoe werk die plan? dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat*
*dié wat in Hom glo (deur die werk van die Gees)*
*Wat doen die plan? nie verlore sal gaan (in ewige hel sal wees)*
*maar die ewige lewe sal hê.*
*God het volmaak verlos en met sin in die toekoms belê.*

Hierdie sonnet deel Johannes se boodskap in die Evangelie en Openbaring
Op 12:1-12 en Joh 3:16
Die struktuur van Johannes 3:16 begin met hoekom, dan hoe en dan eers wat.
Dit is presies hoe ons brein verkies om te funksioneer wanneer ons belangrike besluite maak.
.

Paul le Roux

2020

# Ware geluk

*Geseënd is die wat afhanklik van die Gees lewe,*
*want plek in Sy koninkryk is vir hulle bedoel.*
*Geseënd is die wat die hartseer van die onvolmaakte voel,*
*want hulle is die troos van die komende volmaakte gegewe.*

*Geseënd is die met ’n onselfsugtige sagte hart,*
*want hulle is erfgename van God se nuwe aarde.*
*Geseënd is die wat honger na geregtigheid met ewige waarde,*
*want hulle sal versadig word na God se aard.*

*Geseënd is die wat van harte vir ander met sorg omgee.*
*Geseënd is die rein verlostes want hulle sal God sien.*
*Geseënd is die vredemakers, “kinders” wat God dien.*
*Geseënd is die wat vervolg word op die regdoenweë.*
*Erfgename van die ewige koninkryk.*
*Dankbare yweraars wat met vryheid uitreik.*

Hierdie sonnet deel ’n verwerking van Jesus se seën-uitsprake in Mat 5:3-12
Makarios word vertaal met salig, geseënd, gelukkig. (ewige heil deelagtig)
Ware geluk is net by God – soos met die oorspronklike skepping bedoel.

Paul le Roux
2020


GERBSTADT

# Aan God die eer

*O onmeetbaar is God se rykdom, wysheid en kennis!*
*Onverklaarbaar in omvang en omvou in diep misterie.*
*Hoe ondeurgrondelik is Sy oordeel, genade en vergifnis.*
*Hoe onnaspeurlik Sy weë vry van aardse materie.*

*Wie ken die bedoeling van die Heer?*
*Wie gee Hom raad?*
*Wie bewys Hom ’n guns sodat Hy met iets moet terugkeer?*
*Wie kan in Sy teenwoordigheid staan en eer sonder maat?*

*Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.*
*Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid.*
*Eer aan God die Vader, Skepper van alle sterflinge.*
*Eer aan God die Seun, Verlosser van sondigheid.*
*Eer aan God die Gees, ontplooier van geloof in bekeerlinge.*
*Eer aan God die Alomteenwoordige drie eenheid.*

Hierdie sonnet deel ’n verwerking van Paulus se lofprysing in Rom 11: 33-36

Paul le Roux
2020

# Beproewing en Versoeking

*Geseënd is die mens wat in beproewing nader aan God kom*
*want dié swaarkry toets en versterk volharding in geloof.*
*Geseënd is die mens wat in versoeking standvastig bly om*
*die verleiding weg van God uit te doof.*

*Weet verseker dat God niemand versoek.*
*Hy kan nie verlei word nie en self verlei Hy geen mens.*
*Verleiding kom deur eie begeertes - gelees soos ’n boek.*
*Bevrugte begeertes lei tot sonde en dood buite God se wens.*

*God se wil is openbaar deur die Woord van die Waarheid.*
*Deur geloof in sy Seun van sonde verlos tot ewige lewe.*
*God het die Woord in ons geplant. Gees gelei tot ware vryheid.*
*Diep dankbaar vir onbeskryflik groot genade gegewe.*
*Hoor en doen wat die Woord sê met geloof in praktyk wysheid.*
*Getoetste geloof groei Godgerig nie deur twyfel weggedrewe.*

Hierdie sonnet deel ’n verwerking van Jakobus 1:2—26
Dit onderskei tussen beproewing (toets) wat ons na God trek en
versoeking (verleiding) wat ons weg van God trek.

Paul le Roux

2020

# Nuwe lewe in Christus

*Paulus doen 'n beroep op die Romeine*
*op grond van God se onskryflike groot genade:*
*Gee julleself aan God as lewende heilige offers, net syne.*
*Ten volle oorgegee, bloedverbind deur geen van ons dade.*

*Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.*
*Dan sal julle kan onderskei wat God wil doen*
*wat goed, aanneemlik en volmaak is ten spyte van die ou ruwe.*
*Bly beskeie en nederig in geloof met God versoen.*

*In Christus is ons een liggaam met verskillende lede*
*met verskillende genadegawes toegerus vir ons dienswerk.*
*Apostels, profete, evangeliste, herders en leraars met rede.*
*Gelowiges is ook soos die bruid van Christus, die kerk.*
*Paulus deel hier riglyne vir die Christelike lewe soos sede.*
*Ons identiteit in Christus die kenmerk.*

Hierdie sonnet deel 'n verwerking van Paulus se Rom 12:1—21

*Paul le Roux*

2020

# Lewende vaste hoop

*Die lyding van nou weeg nie op teen die heerlikheid wat kom.*
*Die intense verlange na die openbaring van die kinders van Hom*
*verwag lyding gaan stop want die skepping is onderwerp aan nietigheid.*
*Oppad na finale vrymaking van die onvolmaakte tydelikheid.*

*Die skepping sug in barensnood na die bevryding van die liggaam.*
*Gemotiveer deur 'n lewende vaste hoop, deur ons Verlosser beaam.*
*Sy liefde dryf ons hoop op Hom wat ons nie sien nie met volharding.*
*Gelei deur die Gees wat intree met onuitspreeklike pleit bewoording.*

*Christus wat ons harte deursoek ken die bedoeling van die Gees*
*wat vir die gelowiges intree om inlyn met die wil van God te wees.*
*Ons hoop lê verder in dat alles goed uitwerk vir die wat Hom liefhet.*
*Ewige lewe word verkry deur in geloof op sy Seun se roepstem te let.*
*Hier lê hoop in genade, roeping, geloof, vryspraak en sy heerlikheid.*
*Oppad na die volmaakte blye en ewige vrede in sy teenwoordigheid.*

.

Hierdie sonnet deel 'n verwerking van Paulus se Rom 8:18—30
Geloof gee toegang tot lewende vaste hoop
Geloof is die sneller, hoop die motivering om te volhard en liefde is die dryfkrag in die verhouding met God.
Wanneer ons lyding ervaar herinner dit ons daaraan om nie gemaklik te word in die onvolmaakte tydelike nie.

Paul le Roux

2020.

# Viraal

*Al julle volke klap julle hande en juig tot eer van God.*

*Psalm 47 sit vlak as ’n virus volke vreesbevange gelyk vee.*

*In isolasie ingeperk gee geloofsgemeenskap nuwe tree.*

*Mense word steeds deel van God se volk tot sy genot.*

*Die mens wik maar God beskik.*

*Vuisvoos vernielde volke viraal tot stilstand geruk.*

*Wêreldwyd word wen tot oorleef afgepluk.*

*Magtige moderne manipulerende ekonomië toe nie so goddelik.*

*Die toekoms gaan nooit weer dieselfde wees.*

*Dit is tyd vir anders dink en doen.*

*Dit is tyd vir nuwe begin en in liefde versoen.*

*Die toekoms is saamwerk, deel en dien een in Gees.*

*Sien jy ook uit na die ewige volmaaktheid en vrede by God?*

*Dit is tyd; Vertel om te vertel; Viraal die liefde van God.*

Die begin van 2020 sien die wêreldwye impak van die Covid 19 virale pandemie.
Die mensdom se ervaring in die verband is baie beperk.
Die gebeure het my laat dink aan die werking van die Gees. Dit is wat herlewing is.
Dit is regtig tyd om te vertel.
Ps 47 – Mat 28:18-20

*Paul le Roux*

2020

# Terminaal

*Wanneer dodelike siekte besig is om die stryd te wen.*
*Wanneer die mediese wetenskap se opsies finaal uitloop.*
*Wanneer die dood nader ten spyte van geloof wat steeds hoop.*
*Wanneer ons met vrede die realiteit van die laaste groet moet erken.*

*Dan in Christus is net die gebroke sterflike liggaam terminaal.*
*Dan in Christus stap die geestelike liggaam oor na die ewige heerlikheid.*
*Dan in Christus het ons ’n hartseer maar vredevolle afskeidsgeleentheid.*
*Dan in Christus word ons steeds bemoedig deur iemand baie spesiaal.*

*Sterwensbegeleiding klink hier so morbied en onvanpas leeg.*
*Dank God eerder vir die joviale warm sonskynmens wat ander ag.*
*Opregte omgeemens wat ander in liefde raakleef en saam huil en lag.*
*Kan nie my vroumens, maatmens, moedermens en oumamens se bydrae weeg.*
*Wanneer die uithou aanhou sonder onthou, stomp emosies stadig af.*
*Tog sonder ophou; Dankie Jesus vir Marietjie middelkind-laf!*

1 Kor 15:42-58
Dit is nie maklik om die gedagte te verwerk dat die terminale tyd aangebreek het nie.
Marietjie glo onwrikbaar dat God haar weer gaan genees.
Na ’n stryd van meer as 21 jaar gee die breingewas nie bes nie.
3 keer het God haar al vir ons teruggegee.
Hierdie keer is dit anders. Sy gaan duidelik agteruit en ons mense is nie in beheer.
Ek het vrede gemaak dat Marietjie in God se hande is, nie in my geloof dat sy weer gesond gaan word nie.
Dit gaan oor God nie oor ons nie.
Ons kyk dankbaar terug na meer as 40 jaar van getroud wees,
2 nee 4 wonderlike kinders en 4 besondere kleinkinders.
Dankie Here vir ons tuisteskepper herinnering.
Dankie Here vir elke dag van tydelik lewe.
Meer dankie dat sy ewig kan lewe.

Paul le Roux

April 2020

# Godsdiens

*Groot geword met onderlinge godsdienstige wettiese veroordeling.*
*So sekte-sensitief is ons nie deur appartheid teen die bors gestuit.*
*Godsdienstige huigelary het baie teen kerktradisie laat besluit.*
*Ironies lê die besluit ook aan die oordeelwortel van elke teen-kerk-sterfling.*

*Selfverontskuldigende oordeel van "hulle" met my reëls erg liefdeloos.*
*"Gelukkig is ek nie soos hulle nie" klink nou ontstellend bekend.*
*Reformasie solas en protestantse belydenis tradisie afgewend.*
*Charismatiese alternatief en vals voorspoedgodsdiens vredeloos.*

*Hoe het ons gelowiges dan weer hier beland?*
*Hoeveel keer op die kerk se kreeftegang deur versoeking weggelok?*
*Ek, nie hulle nie is die skuldige sondebok.*
*Weer Jesus alleen. Genade alleen. Geloof alleen oortref alle verstand.*
*Woord alleen en aan God alleen al die eer.*
*Reformasie. Herlewing. God ewig met oorgawe dien verwyder die seer.*

Kol.2:21 wys Paulus se hantering van huigelary.
Mensgerigte godsdiens is nie diens aan God.
Mensgerigte godsdiens is leeg, waardeloos en tydelik.
Bid dat die Gees ons sal help om te kan onderskei wat is egte Godsdiens.
Vol vreugde, vrede en God se liefde.
Heilige week voor Paasfees 2020 inspireer

Paul le Roux
April 2020

# *Opmerkings*

*Die jaar 2020 se intense ervarings*

*skryf nuwe emosies en maak ou emosies weer wakker.*

*Droogte, siekte, ekonomiese resessie en virus inperking.*

*Hierdie is meer as ’n emosionele belewenis.*

*Lewens word intens “permanent” verander.*

*Ge-anker in Jesus Christus kan ek die ervaring deel.*

